Mediavrystelling

Suid-Afrika, 25 Junie 2013 – Naspers Beperk (JSE: NPN) kondig vandag sy resultate vir die jaar tot 31 Maart 2013 aan.

GROEI

Naspers het vandag ’n styging van 27% tot R50,2mjd in gekonsolideerde omset vir die jaar tot 31 Maart 2013 aangekondig. Kernwesensverdienste, wat die direksie as ’n aanduiding van volhoubare prestasie beskou, het met 23% tot R8,5mjd of R22,16 per aandeel gestyg. Bykans die helfte van die groei kan aan die swakker rand toegeskryf word. Dis egter ook bereik ten spyte van ‘n onkoste van R4,3mjd om nuwe besighede vir die langer termyn te bou. Positiewe vrye kontantvloei van R3,5mjd is geskep. ’n Dividendstyging van 15% tot R3,85 word voorgestel.

“Die groep het oor die afgelope jaar bestendig presteer,” sê Naspers se voorsitter, Ton Vosloo. “Ons het ‘n mylpaal bereik deurdat internetomset vir die eerste maal dié van betaaltelevisie oorskry het.”

Omset van die internetsegment het met 80% tot R34,6mjd geklim. Weens toenemende fokus op die ontwikkeling van nuwe e-handelprodukte en –dienste, het handelswins teen ’n stadiger pas van 44% tot R6,2mjd gestyg.

Betaaltelevisie het omsetgroei van 20% tot R30,3mjd gelewer. Gedurende die jaar is 1,1 miljoen nuwe intekenare bygevoeg en dienste bereik nou 6,7 miljoen huise regoor Afrika. Handelswins is effens stadiger teen 18% tot R7,6mjd gelig as gevolg van belegging in digitale terrestriële televisiedienste en die skep van meer plaaslike inhoud.

Drukmedia het ’n moeilike jaar beleef. Media24 kon slegs marginale groei in omset en winsgewendheid lewer, maar het verskeie nuwe inisiatiewe van stapel laat loop.

Naspers se aandeel in kernverdienste van verwante maatskappye, waaronder Tencent in China en Mail.ru-groep in Rusland, het met 45% tot R7,2mjd gestyg.

“Ons hoop om ons e-handel in meer ontluikende lande uit te brei. Ook om betaaltelevisie-huise regoor Afrika te werf,” sê Naspers se uitvoerende hoof, Koos Bekker.

Naspers se finansiële direkteur, Steve Pacak, voeg by: “Ons wil bestaande besighede verder uitbrei en belê in toekomstige groei. Ons weet hierdie benadering sal ‘n demper plaas op groei in verdienste en kontantvloei in die korttermyn.”

Vir meer inligting kontak:

Meloy Horn, Hoof van Beleggersverhoudinge
Tel: +27 11 289 3320
+27 11 289 4446
Selfoon: +27 82 772 7123

Steve Pacak, Finansiële Direkteur
Tel: +27 21 406 3585
+27 21 406 2480
Selfoon: +27 83 250 0006

Die volledige resultate is op Naspers se webwerf beskikbaar by http://www.naspers.com.

BELANGRIKE INLIGTING

Hierdie verslag bevat vooruitskouende verklarings soos omskryf in die Verenigde State se “Private Securities Litigation Reform Act” van 1995. Woorde soos “glo”, “verwag”, “voorneem”, “beoog”, “wil”, “beplan”, “mag”, “streef” en soortgelyke uitdrukkings word gebruik om sulke vooruitskouings te identifiseer, maar is nie die enigste manier om sulke uitdrukkings te identifiseer nie. Hoewel hierdie vooruitskouende verklarings ons sienings en toekomsverwagtings verteenwoordig, kan verskeie risiko’s, onsekerhede en ander belangrike faktore meebring dat werklike ontwikkelinge en resultate wesenlik van ons verwagtings verskil. Dit sluit baie faktore in wat ons ondernemings en finansiële prestasie negatief kan beïnvloed. Ons is geensins onder verpligting (en ontken uitdruklik enige sodanige verpligting) om ons vooruitskouende verklarings – hetsy as gevolg van nuwe inligting, toekomstige gebeure of andersins – by te werk of te wysig nie. Beleggers word gemaan om nie oormatig staat te maak op enige vooruitskouings wat hierin vervat is nie.